Acta Academica 2008 40(1): 31-51

Neil Cochrane

Die swart Afrikaanse vroueskrywer (1995-2007): nog steeds 'n literêre minderheid binne 'n demokratiese bestel?

Eerste voorlegging: Februarie 2006

Gedurende die laaste dekade van die twintigste eeu word die eerste romans deur twee swart Afrikaanse vroueskrywers, Frieda Gygenaar en E K M Dido gepubliseer. Sedertdien verwerf swart Afrikaanse vroueskrywers 'n toenemend sterker posisie binne die Afrikaanse literêre sisteem. Die artikel ondersoek die literêre produksie van swart Afrikaanse vroueskrywers oor die afgelope twaalf jaar deur 'n kwantitatiewe en deskriptiewe bestekopname te bied van hul literêre produksie. Belangrike uitdagings waarvoor die swart Afrikaanse vroueskrywers tans te staan kom, word bespreek — beperkings betreffende tematiek en multidimensionele perspektiewe en 'n gebrek aan literêre rolmodelle, tradisie en gekanoniseerde status. Laastens sal tot sekere gevolgtrekkings gekom word rakende die huidige en toekomstige literêre status van swart Afrikaanse vroueskrywers.

The black Afrikaans woman writer (1995-2006): ever a literary minority in a democratic dispensation?

During the last decade of the twentieth century, two novels by black Afrikaans women writers, Frieda Gygenaar and E K M Dido, were published by mainstream publishers. Since then, the position of black women writers within the Afrikaans literary system has improved significantly. This article investigates the literary production of black Afrikaans women writers over the last twelve years, providing a quantitive and descriptive overview of their literary output. It also discusses the important challenges facing contemporary black Afrikaans women writers: limitations in terms of thematic variety and multidimensional perspectives as well as the lack of literary role-models, a tradition and canonical status. Finally, certain conclusions are drawn about the current and future literary status of black Afrikaans women writers.

Mnr N Cochrane, Dept Afrikaans, Universiteit van Pretoria, Pretoria 0002; E-pos: neil.cochrane@up.ac.za

In 'n referaat getiteld "Publication and power: views of the marginalised" gelewer tydens die Seventh Conference on South African Literature maak Petersen (1992: 167) die volgende opmerking:

> It is therefore of great importance that black Afrikaans speaking women and other marginalized people become involved in every sphere of South African life. They must especially get involved in Afrikaans literature.[1]

Nege jaar later (na die demokratiese verandering in Suid-Afrika) lewer Cochrane (2001: 76) 'n soortgelyke pleidooi:

> Suid-Afrikaanse uitgewerye moet besef dat hulle 'n uiters belangrike rol binne die demokratisering van Suid-Afrika speel. Aspekte soos die handhawing van vryheid van spraak en kreatiewe uitdrukking, respek vir diversiteit en verspreiding van geskakeerde ervaring moet toenemend deel word van uitgewerye se strategiese beplanning.

Vroueregte word sedert 1996 eksplisiet in die Suid-Afrikaanse Grondwet verskans, Suid-Afrika vier jaarliks Nasionale Vrouedag op 9 Augustus en talle ander inisiatiewe is in plek om erkenning te gee aan die leierskapsrolle wat vrouens in hul onderskeie gemeenskappe vertolk. 'n Voorbeeld hiervan is die jaarlikse Vrou van die Jaar-toekennings. Binne dié gegewe konteks is dit nodig om te besin oor die huidige posisie van die swart Afrikaanse vroueskrywer.

1. Problematiek rondom die benaming "swart Afrikaanse skrywer"

Die benaming "swart Afrikaanse skrywer" word reeds sedert die Eerste Swart Afrikaanse Skrywersimposium (1985) gehou te Bellville deur skrywers gebruik. Histories is die benaming deur skrywers gebruik as verset teen 'n hegemoniese stelsel wat grootliks die belange van wit skrywers vooropgestel het. Van Wyk (2005) verduidelik die gebruik van die term as volg: "Die term *swart* het ook te doen met 'n tradisie van skrywers wat gevestig geraak het en dat daar 'n korpus van skryfwerk en kulturele uitings is wat die Afrikaanse letterkunde moes verreken".

Dit is weens verskeie redes problematies om na skrywers in etniese terme te verwys. Eerstens voel sommige skrywers dat hulle

op gelyke voet behandel wil word en dat ras en skrywerskap nie veel met mekaar te make het nie. Van Wyk (2005) brei as volg op hierdie kwessie uit:

> Na 1995 was daar ook skrywers wat hulle gedistansieer het van die term *swart*. SP Benjamin het onder andere gesê: 'Ek is nie swart of bruin skrywer nie. Ek is gewoon skrywer.' Dit is waarskynlik wat baie swart skrywers voel, naamlik dat hulle gewoon skrywers is en dat hulle op meriete beoordeel wil word as skrywers. Hulle wil nie met die etiket van *swart, ontwikkelende* of *kwota* verbind word nie, of skrywers wat spesiale behandeling moet kry nie. Hulle wil op gelyke voet staan met alle skrywers.

Tweedens stel die benaming 'n eksklusief afgebakende swart/wit digotomie voorop, wat 'n beduidende deel van die Afrikaanse skrywersgemeenskap (onder meer bruin of gekleurde skrywers) uitsluit.

Vir die doeleindes van hierdie artikel word die benaming "swart Afrikaanse skrywer" in ruim etniese terme gebruik om alle Afrikaanse skrywers van kleur in te sluit.

2. Probleemstelling

Hierdie artikel poog om 'n oorsigtelike bestekopname te bied van die literêre produksie van swart Afrikaanse vroueskrywers van 1995-2007 ten einde verheldering te bied op hul huidige posisie binne die Afrikaanse literêre sisteem en te bepaal of hulle steeds as 'n literêre minderheid binne die Afrikaanse literêre sisteem beskou kan word.

Eerstens sal die literêre produksie van hierdie groep oor die afgelope twaalf jaar in oënskou geneem word. Tweedens sal enkele uitdagings waarvoor swart Afrikaanse vroueskrywers tans te staan kom, bespreek word. Laastens sal tot enkele slotgevolgtrekkings gekom word rakende die huidige posisie en die toekomstige rol van die swart Afrikaanse vroueskrywer binne die Afrikaanse literêre sisteem.

3. Wat word verstaan onder 'n literêre minderheid?

'n Literêre minderheid kan gedefinieer word as 'n groep literêr aktiewe persone wat weens historiese, sosiale, ekonomiese, politieke en hegemoniese redes nie ten volle geïntegreer en geassimileer is binne

die dominante literêre sisteem nie. Binne die literêre sisteem kan die omvang van integrasie en assimilasie nie slegs in terme van literêre produksie (met ander woorde in kwantitatiewe terme) bepaal word nie, maar moet inhoudelike aspekte soos veelvoudige perspektiewe, meerduidige visies, tematiese verruiming en tegniese eksperimentering ook in berekening gebring word. Buitetekstuele aspekte soos betrokkenheid by skrywersbyeenkomste, persdekking, onderhoude, resepsie, literêre debatvoering en ander vorms van publieke sigbaarheid is verder van belang.

JanMohamed & Lloyd (1990: ix) toon aan dat minderhede hulself altyd in terme van die dominante kultuur definieer as hulle beweer:

> By minority discourse we mean a theoretical articulation of the political and cultural structures that connect different minority cultures in their subjugation and opposition to the dominant culture.

JanMohamed & Lloyd (1990: ix) beweer voorts dat die diversiteit van stemme binne 'n spesifieke minderheidskultuur nie ontken behoort te word nie, maar dat alle minderheidskulture sekere gedeelde ervarings van dominansie en uitsluiting deur die meerderheid ervaar, wat aan minderheidsgroepe oor verskeie grense van identiteit heen 'n basis vir solidariteit skep.

Dit is binne hierdie raamwerk wat ek die huidige status van die swart Afrikaanse vroueskrywer gaan ondersoek.

4. 'n Oorsigtelike bestekopname van literêre produksie deur swart Afrikaanse vroueskrywers (1995-2007)

In die afgelope twaalf jaar sedert 1995 verskyn daar in totaal ses romans van drie swart Afrikaanse vroueskrywers naamlik Frieda Gygenaar, E K M Dido en Zulfah Otto-Sallies. In 1996 publiseer Frieda Gygenaar *Die lafitte-manier*. E K M Dido lewer vyf romans naamlik *Die storie van Monica Peeters* (1996), *Rugdraai en stilbly* (1997), *'n Stringetjie blou krale* (2000) en *Die onsigbares* (2003) en *'n Ander ek* (2007). Zulfah Otto-Sallies lewer 'n jeugroman getiteld *Diekie vannie Bo-Kaap* (1997).

Dido kan tans as die hooffiguur van swart Afrikaanse vroueskrywers gereken word. Sy word allerweë beskou as die eerste swart Afrikaanse vrou om 'n roman in Afrikaans te publiseer, wat aan haar 'n soort baanbrekerstatus verleen. Deur haar betrokkenheid by ander uitvloeisels van die literêre sisteem soos byvoorbeeld haar hantering van besprekings op *Litnet* en betrokkenheid by literêre byeenkomste en debatvoering versterk sy haar posisie binne die literêre sisteem. Die feit dat haar werk oorwegend gunstig deur resensente ontvang word, dra verder by tot haar status as skrywer.

Daar moet gewys word op die feit dat Frieda Gygenaar tegnies gesproke vóór Dido gepubliseer het (PDAF 2005). Gygenaar publiseer twee populêre romans naamlik *My liewe klein Jo* (1992), 'n liefdesroman en *Die lafitte-manier* (1996), 'n spanningsroman. Beide tekste verskyn by Benedic Boeke, 'n uitgewery wat intussen tot niet gegaan het. In 'n lesersbrief aan *Die Burger* poog Gygenaar (1998: 2) om hierdie misvatting reg te stel as sy skryf:

> Ek voel ek moet dié saak regstel: E K M Dido is nie die eerste gekleurde vrou wat 'n boek in Afrikaans publiseer nie. In 1992 het *My liewe klein Jo* by Makro verskyn. Ek is (was) die skrywer, ek is bruin (of dan gekleurd) en ek is 'n vrou.

Alhoewel Gygenaar se werk streng populêr van aard is, is dit weliswaar 'n belangrike prestasie wat grootliks misgekyk is, veral indien dit in verband gebring word met die feit dat populêre skryfwerk steeds oorheers word deur blanke skrywers (Venter 2005). Daar is tans 'n algehele leemte betreffende populêre werke (soos liefdesromans) deur swart Afrikaanse vroueskrywers (en swart Afrikaanse fiksieskrywers in die algemeen) wat dit waag om teen 'n tradisie van blanke helde en heldinne in te skryf. Dit is ironies as daar in gedagte gehou word dat volgens Venter (2005) meer as tagtig persent van die meer as 200 Mills & Boon-liefdesromans wat sedert 1990 in Afrikaans vertaal en uitgegee is, deur die Wes-Kaapse biblioteekdiens aangekoop is, aangesien daar volgens uitgewers 'n groot aanvraag daarna onder bruin biblioteekgebruikers bestaan.

Venter (2006: 589) toon verder in sy navorsing aan dat 62.56% van alle Afrikaanse fiksietitels wat tussen 1990 tot 2005 uitgegee is, romantiese fiksie (liefdesromans en kortverhale) was. Slegs 2% van die

totale Afrikaanse fiksietitels wat oor dié tydperk uitgegee is, is titels deur swart Afrikaanse skrywers (Venter 2005). Dit is duidelik uit hierdie navorsing dat die bydrae van swart Afrikaanse skrywers (en swart Afrikaanse vroueskrywers in 'n meerdere mate) tot die genre van die liefdesroman (en Afrikaanse fiksie in die algemeen) uiters gering is ofskoon swart Afrikaanse vrouelesers wel goeie verbruikers van liefdesromans is.

Hierdie bevindings dien nie as 'n noodwendige bewys dat swart Afrikaanse vroueskrywers nie daarin belangstel om liefdesromans te skryf nie. Dit kan wel daarop dui dat die swart Afrikaanse vroueskrywer weens 'n hegemoniese staatsbestel, waarvan die Afrikaanse uitgeesisteem 'n direkte uitvloeisel was, bittermin geleenthede tot publikasie gegun is. Hierdie jarelange miskenning kan as rede aangevoer word vir die betreklike stilte van die swart Afrikaanse vrouestem in die jare na apartheid.

Dit is moeilik om te bepaal of daar inderdaad tekste beskikbaar was, of hierdie tekste publiseerbaar was asook of dit aan bepaalde literêre standaarde voldoen het. Die enigste manier om laasgenoemde te bepaal, is om databasisse van uitgewers na te speur waarin daar rekord gehou is van die aantal manuskripte wat ontvang, afgekeur en aanvaar is. Dit is egter te betwyfel of sodanige inligting hoegenaamd deur uitgewers bygehou word. Argivale navorsing (wat teruggestuurde manuskripte en afkeuringsbriewe insluit) en mededelings van redakteurs en skrywers is alternatiewe metodes. Dit blyk egter uit die volgende mededeling van Adams (1997: 69) dat daar wel tekste beskikbaar was:

> Ek dink dit is die uitgewers. Want in ons laaie lê daar baie manuskripte van uiteenlopende aard. Maar telkens kry ons die antwoord terug dat ons werke nie goed genoeg is om gepubliseer te word nie.

Die vraag of Dido wel die eerste swart Afrikaanse vroue-skrywer is of nie, is myns insiens 'n tegniese kwessie en doen nie afbreuk aan die belangrike bydrae wat Dido oor die afgelope twaalf jaar gelewer het nie. Dido beskryf sekere ongekarteerde sosiale en kruiskulturele kwessies soos huishoudelike geweld binne die huis-gesin, kulturele konflik tussen swart en bruin en verbrokkeling in polisiegesinne, wat 'n vernuwende bydrae lewer tot die Afrikaanse prosa. Hierdie kwessies is

nie noodwendig beperk tot 'n gegewe etniese groep nie, maar spreek tot almal wat onder huishoudelike stressors in die samelewing gebuk gaan. Die oorheersend maatskaplike ge-rigtheid en didaktiese inslag van haar werk is belangrik, maar is literêr gesproke ook beperkend, aangesien die ontginning van andersoortige tematiek in haar werk ontbreek.

Daar bestaan bittermin outentieke jeugliteratuur deur swart Afrikaanse skrywers. In 'n onlangse literatuurgeskiedenis getiteld *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom: 'n gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek* (2005) word 'n bestekopname gebied van Afrikaanse jeugliteratuur sedert sy ontstaan.

Binne die ganse Afrikaanse jeugliteratuur kan slegs Zulfah Otto-Sallies uit 'n totaal van 125 jeugskrywers, oor wie profiele verskyn, gereken word as 'n swart Afrikaanse jeugskrywer. Van der Walt (2005: 30) laat hom as volg uit oor hierdie tendens:

> Die werk (verwysend na Otto-Sallies se debuutwerk, Diekie vannie Bo-Kaap — my toevoeging, NC) is egter 'n uitsondering en daar word steeds gewag vir Afrikaanse kinder- en jeugboeke wat ander kulturele groepe uitbeeld en deur outeurs uit dié groepe vanuit hulle eie perspektief geskryf word.

Die verteenwoordiging van die swart Afrikaanse vroueskrywer op elektroniese publikasieforums soos *Litnet* is uiters gering. Op *Netfiksie*, die afdeling vir kortprosa op *Litnet*, kan slegs Diana Ferrus as 'n swart Afrikaanse vroueskrywer gereken word.

Die situasie betreffende saamgestelde kortverhaalbundels sien daar beter uit. Sedert 1995 verskyn daar (veral deur die aandeel van Kwela Uitgewers) 'n aantal kortverhaalbundels wat grootliks fokus op die ontginning van nuwe talent uit gemarginaliseerde groepe. Publikasies soos *Keerpunt* (1995), *Die stukke wat ons sny* (1999), *Stroomversnelling* (2001), *Mense is mense* (2002) en *Palawer van die woord* (2003) kan in dié verband genoem word.

Tabel 1 bevat 'n opname van individuele kortverhale deur swart Afrikaanse vroueskrywers in geselekteerde Afrikaanse kortverhaalbundels sedert 1995-2003.

Table 1: Literêre produksie van swart Afrikaanse vroueskrywers in geselekteerde kortverhaalbundels (1995-2003)

Bundel	Aantal skrywers opgeneem	Aantal swart Afrikaanse skrywers	Aantal swart Afrikaanse vroueskrywers	Aantal verhale opgeneem	Aantal verhale deur swart Afrikaanse skrywers	Aantal verhale deur swart Afrikaanse vroueskrywers
Keerpunt (1995)*	26	12	3	26	12	3
Die stukke wat ons sny (1999)	14	14	2	20	20	2
Douspoor (2000)	33	10	3	33	10	3
Storie-palet (2000)	37	5	1	37	5	1
Stroomversnelling (2001)*	30	16	4	30	16	4
Mense is mense (2002)*	14	8	2	19	10	3
Palawer van die woord (2003)*	15	8	3	15	8	3
Totaal	169	73	18	180	81	19

Dit is uit die tabel duidelik dat swart Afrikaanse vroueskrywers die minste verteenwoordig word betreffende hul opname in saamgestelde kortverhaalbundels wat oor die afgelope tien jaar verskyn het. Daar moet egter vermeld word dat 'n aantal van die skrywers (ook vroueskrywers) wat in *Keerpunt* en *Stroomversnelling* opgeneem is, nie as Afrikaanse skrywers getipeer kan word nie, aangesien alle verhale in Engels en Afrikaans gepubliseer is. Dit beteken dat 'n aantal van die verhale wat in *Keerpunt* en *Stroomversnelling* verskyn, oorspronklik in Engels geskryf is vir die doeleindes van *Crossing over* (1995) en *In*

the rapids (2001) (die Engelse weergawes van *Keerpunt* en *Stroomversnelling* onderskeidelik).

Tot op hede het nog geen selfstandige kortverhaalbundel deur 'n swart Afrikaanse vroueskrywer by 'n gevestigde uitgewery verskyn nie, terwyl daar wel selfstandige kortverhaalbundels van swart Afrikaanse manlike skrywers verskyn het, soos byvoorbeeld *Iets goeds uit Verneukpan?* (1998) van Elias P Nel, *Die lewe is 'n halwe roman* (1999) van S P Benjamin en *Mafoiing* (2001) van Elias P Nel. Korter anekdotiese vertellings met 'n humoristiese inslag soos *Staan uit die water uit!* (1996) en *Pastoor Scholls trek sy toga uit* (1999) verskyn uit die pen van Karel Benjamin.

Enkele verhale van Diana Ferrus verskyn wel in saamgestelde kortverhaalbundels soos byvoorbeeld *Taxi staanplek-stories* (1996), *Veertig is g'n vloekwoord* (1999) en *Uit die kontreie vandaan* (2000). 'n Verhaal van Jasmine Uys getiteld "Gangland" verskyn in *Die selfoon en ander verhale* (2004), 'n kortverhaalbundel uitgegee deur Aktuapers Uitgewers, 'n gevestigde uitgewery wat in 2004 tot die Afrikaanse literêre mark toegetree het.

'n Aantal kortverhale van swart Afrikaanse vroueskrywers verskyn in *Die melkweg het 'n ster laat val* (2006), 'n bundel plaasverhale saamgestel deur Riana Scheepers en Nicci Thabo. In die bundel *Slaan vir my 'n masker, vader* (2006), saamgestel deur Diana Ferrus en Suzette McKerron, word stories oor die verhoudings tussen vaders en dogters vertel. Verhale van 'n aantal swart Afrikaanse vroueskrywers is in die bundel opgeneem.

Verblydend is die feit dat *Douspoor*, *Storiepalet*, *Stroomversnelling* en *Die selfoon en ander verhale* op amptelike voorskryflyste vir die senior sekondêre fase verskyn, wat beteken dat die kortverhale van swart Afrikaanse skrywers (wat vroueskrywers insluit) 'n groter leserspubliek bereik. Die voorskryf van werke is 'n positiewe kanoniseringsmeganisme wat bevorderlik is vir die instandhouding van literatuur deur swart Afrikaanse vroueskrywers.

Verhale van beide E K M Dido en Diana Ferrus verskyn in die jongste uitgawe van *Die Afrikaanse kortverhaalboek* (2005), saamgestel deur Abraham H de Vries, wat die gekanoniseerde status van hierdie twee skrywers aansienlik verhoog.

Die publikasie van swart Afrikaanse vrouedigters binne die gevestigde literêre bedryf is uiters gebrekkig. Slegs enkele gedigte verskyn in versamelbundels soos *Metafore van herlewing* (2002), literêre tydskrifte en gemeenskapspublikasies. Tot op hede het daar nog geen selfstandige Afrikaanse digbundel van 'n swart Afrikaanse vrouedigter by 'n gevestigde uitgewery verskyn nie. Slegs Valda Jansen kan tans tot 'n mate as 'n gekanoniseerde swart Afrikaanse vrouedigter gereken word. Enkele van haar verse verskyn in drie omvattende bloemlesings naamlik *Poskaarte: beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960* (1997), *Die Afrikaanse poësie in duisend en enkele gedigte* (1999) en *Groot Verseboek 2000* (2000). Diana Ferrus gee egter in 2006 'n selfstandige digbundel getiteld *Ons Komvandaan* uit. Hierdie bundel is deur haarself uitgegee.

Die swart Afrikaanse vrouedigter het tot op hede geen gevestigde publikasietradisie nie, dit is 'n tradisie wat van nuuts af geskep sal moet word, terwyl die blanke vroulike digter reeds met die verskyning van *Belydenis in die skemering* (1936) van Elisabeth Eybers 'n sterk literêre teenwoordigheid geniet.

Die inisiatiewe van Diana Ferrus rondom die bevordering van digterskap (en skrywerskap in die algemeen) in gemarginaliseerde gemeenskappe verdien vermelding. Sy is nou betrokke by allerlei gemeenskapsaksies, werkswinkels vir kreatiewe skryfwerk, publieke voorlesings, verhoogproduksies en kunstefeeste soos byvoorbeeld die jaarlikse Woordfees op Stellenbosch, die KKNK, die International Poetry Festival en die Winternachtenfees in Nederland. Haar huldigingsgedig oor Saartjie Baartman ("Tribute to Sarah Baartman") gee aan haar nasionale en internasionale blootstelling (onder meer in Frankryk), aangesien haar gedig een van die redes was dat die oorskot van Baartman vanuit Frankryk terug na Suid-Afrika gebring is. Enkele gedigte van Ferrus verskyn ook op die e-joernaal, *Litnet*.

Sedert 2001 is daar akademiese belangstelling in die skryfwerk en publikasiestand van swart Afrikaanse skrywers. Vir 'n oorsigtelike beeld rakende swart Afrikaanse skrywers kan Renders (2001) geraadpleeg word, terwyl Cochrane (2001) die rol van Kwela Uitgewers ondersoek betreffende die publikasie van literêre minderhede. Hein Willemse lewer 'n belangrike bydrae met die publikasie van *Aan die ander kant* (2007) waarin hy verskeie aspekte rakende swart

Afrikaanse skryfwerk aanroer. Vir 'n vollediger bestekopname van Afrikaanse fiksieproduksie en die impak van transformasie op die uitgeesisteem gedurende die periode 1990-2005, kan Venter (2006) en die Produksiedatabasis van Afrikaanse Fiksie (PDAF 2005) geraadpleeg word, terwyl De Villiers (2003) die werk van E K M Dido binne 'n post-apartheidskonteks benader.

5. Enkele uitdagings betreffende skryfwerk deur swart Afrikaanse vroueskrywers

5.1 Beperkings ten opsigte van tematiek, geskakeerdheid en veelvoudige perspektiewe

Van Wyk (1996: 37) wys op die belangrike aspek van outentieke ervarings as hy beweer: "Er is echter een toenemende behoefte de geschiedenis van de stemlozen te vertellen en rekenschap te geven van het verleden." Viljoen (2002) sluit grootliks hierby aan as sy beweer:

> Alhoewel die klassifikasie van skrywers op grond van hulle ras hopelik spoedig uitgedien sal wees, voel ek tog dat hierdie nuwe stemme eintlik 'n dubbele nuutheid in die Afrikaanse letterkunde verteenwoordig en iets heel spesifieks te sê het.

Die hantering van sosiaal-maatskaplike kwessies, identiteit en die ontginning van outentieke leefwêrelde is belangrike temas wat tot bevredigende mate die afgelope twaalf jaar deur skrywers soos E K M Dido en Diana Ferrus ontgin is. Dit is belangrik dat outentieke ervarings toenemend in literêre werke ontgin sal word, maar waarde word alleenlik toegevoeg indien hierdie ervarings in 'n multidimensionele konteks plaasvind en neerslag vind in die werk van 'n uiteenlopende groep outeurs.

Tot op hede word hierdie ervarings slegs in enkele publikasies van 'n handjie vol swart Afrikaanse vroueskrywers verwoord. Ten einde aan die gevaar van eendimensionaliteit te ontkom, is aanvullende, bevestigende, alternatiewe en mededingende perspektiewe van meer swart Afrikaanse vroueskrywers nodig.

Alvorens dit gebeur, sal die swart Afrikaanse vroueskrywers steeds 'n literêre minderheid binne die Afrikaanse literêre sisteem bly, on-

geag hoeveel tekste hulle publiseer, want literêre produksie is nie die enigste maatstaf vir literêre status nie, want aspekte soos multidimensionele perspektiewe op uiteenlopende leefwêrelde is ook noodsaaklik. Die ervarings van onder meer lesbiërs, sekswerkers, beroepsvroue, predikantsvroue, klerewerksters, gemeenskapsleiers, moeders, weduwees en veral die jeug is nodig ten einde 'n kaleidoskoop van perspektiewe te bied.

'n Kaleidoskopiese benadering is nie net belangrik vir die instandhouding van letterkunde deur swart Afrikaanse vroueskrywers nie, maar is in sy geheel bevorderlik vir 'n vitale Afrikaanse letterkunde soos Viljoen (2002) tereg opmerk:

> Vernuwing in die Afrikaanse letterkunde kan ook plaasvind indien Afrikaanse skrywers hulleself oopstel vir al die stemme van die Suid-Afrikaanse samelewing en die uitdaging aanvaar om selfs die mees ontwykende en afwykende stemme in hulle werk op te neem.

'n Wye verskeidenheid van vertellersrolle, stemme en narratiewe strategieë is nodig, wat wyer strek as die van sosiale hervormer, maar ook die nar, humoris, enigma, feminis, queer, opstoker, sinikus en nonkonformis insluit. Vroueskrywers wat hul stories in ander variëteite as Standaardafrikaans vertel, is tans grootliks afwesig. Die werk van Elias P Nel het in dié verband reeds 'n enorme bydrae gelewer soos Kannemeyer (2005: 568) tereg opmerk:

> Die panne van die Boesmanland het vroeër reeds neerslag gevind in Die soutryers van A.A.J. van Niekerk, maar Nel stel die stories van hierdie wêreld in al hul rykdom en in die mond van hul baasvertellers voor in 'n besonder sappige Afrikaans met allerlei sêgoed, idiome en die ratse gebruik van die gewestelike woord [...].

Gepubliseerde lewensverhaalvertellings deur swart Afrikaanse vroueskrywers is iets wat feitlik nie bestaan nie. 'n Uitsondering is die outobiografiese vertelling van CatherineWillemse, *Met 'n diepe verlange* wat in 2007 verskyn. Laasgenoemde is 'n heruitgawe van 'n teks wat vroeër in beperkte oplaag aan vriende en familie van die outeur versprei is. *Met 'n diepe verlange* is tans die enigste gepubliseerde outobiografie deur 'n swart Afrikaanse vroueskrywer. Hierdie tipe tekste het onlangs weer aan die lig gekom met die sukses van *Dis ek, Anna* (2004) van Elbie Lötter en die romans van A H M Scholtz

het vroeër reeds 'n bydrae in dié verband gelewer. Die historiese en sosio-kulturele belang van outobiografiese geskrifte wat die intieme ervarings van die gemarginaliseerde vrou weergee, kan nie genoeg onderstreep word nie.

Daar moet ten alle koste gewaak word teen 'n situasie waar die standpunte en perspektiewe van enkele outeurs tot 'n absolute norm verhef word. Die spesifieke problematiek hieraan verbonde word as volg deur Gunew (1994: 43) verduidelik:

> Like Spivak [...], Trinh [...] also points constantly to the dangers of tokenism, which occurs when certain spokespeople for the marginal are consistently singled out as fully representative of those constituencies.

Dit is duidelik uit haar uitlatings dat Dido haar rol as sosiale spreekbuis en hervormer ernstig opneem as sy beweer:

> Ek wonder nog hoe gaan ek my mense help om oor daai identiteitding te kom, maar ek weet nie, want sodra jy daardie kwessie aanraak, dan vlam hulle (Dido 2003: 24).

Sedert die negentigerjare van die twintigste eeu ontgin vroueskrywers soos Rachelle Greeff, Riana Scheepers, Marita van der Vyfer en Antjie Krog temas soos vroulike liggaamlikheid en seksuele belewing binne 'n patriargale stelsel. Tot dusver het daar nog bitter min tekste deur swart Afrikaanse vroueskrywers verskyn wat hierdie kwessies na behore eksploiteer.

5.2 Gebrek aan rolmodelle, tradisie en gekanoniseerde status

In vergelyking met blanke Afrikaanse vroueskrywers het swart Afrikaanse vroueskrywers min gevestigde rolmodelle by wie hulle kan aansluit, op wie se werk hulle kan uitbrei of dit verwerp. Reeds sedert die dertigerjare van die twintigste eeu word daar uit allerlei oorde pleidooie gelewer vir die vrou se rol as skrywer, meer spesifiek die rol van die blanke vroueskrywer in die uitbouing van nasionalistiese ideale. 'n Enkele voorbeeld hiervan is Daisy Bosman se artikel "Die vrou in Suid-Afrika sou wondere kon doen om 'n groot kultuurvolk te help opbou" in *Die moderne vrou van Oktober 1936* (Van Niekerk

1998: 395). Ongeag die beweegredes (nasionalisties en andersins) word daar tydens die twintigerjare van die twintigste eeu reeds platforms vir blanke Afrikaanse vroueskrywers (populêr en literêr) gevestig met outeurs soos Marie Linde, Meg Ross, Eva Walter, M E R, Anna Johanna Dorothea de Villiers, Regina Neser, Miemie Louw Theron, Elise Müller, Hettie Smit en ander. Die swart Afrikaanse vroueskrywer word vir meer as sestig jaar al uitgesluit van hierdie skrywersgemeenskap weens kulturele hegemonie.Vir 'n volledige oorsig betreffende die vestiging van 'n tradisie van vroueskrywers in Afrikaans kan Van Niekerk (1998: 305-445) geraadpleeg word.

Soos uit die bogenoemde oorsig blyk, het die swart Afrikaanse vroueskrywer nie die voordeel van tradisie nie. 'n Gevestigde publikasietradisie betreffende swart Afrikaanse vroueskrywers is nou eers 'n dekade oud. Daarom is dit van die uiterste belang dat die momentum wat met die publikasies van Frieda Gygenaar, E K M Dido en Diana Ferrus opgebou is, voortgestu en nie onderbreek moet word nie.

Die gebrek aan 'n lang gevestigde publikasietradisie sluit direk aan by die feit dat daar tans min gekanoniseerde swart Afrikaanse vroueskrywers binne die Afrikaanse literêre sisteem bestaan weens hul publikasie-agterstand. Kanonisering leun sterk op gepubliseerde tekste en daarnaas speel 'n proses van seleksie 'n belangrike rol. Geen seleksie is moontlik sonder 'n bevredigende aanbod van skrywers en hul gepubliseerde tekste nie of sonder dat die moeite gedoen word om ongepubliseerde tekste (wat orale tekste insluit) na te speur nie. Hierdie is 'n aspek wat Munns (2001: 18) as volg saamvat:

> Only the discovery of new or previously ignored works, if they exist in large enough quantities, can literally displace other works, to set up alternative canons, or overshadow the existing canon, and, in the limit, simply ignore it.

Kanonisering is integraal verbind met mag en statuur. Die posisie van 'n bepaalde groep skrywers asook die statuur van 'n bepaalde letterkunde word tot 'n groot mate aan sy gekanoniseerde outeurs en tekste gemeet. Daarsonder is dit onwaarskynlik dat die swart Afrikaanse vroueskrywer haar regmatige plek binne die Afrikaanse literêre sisteem gaan inneem.

'n Verdere inisiatief wat grootliks bygedra het tot die bevordering van die gekanoniseerde status van blanke vroueskrywers, is die publikasie van bloemlesings wat grootliks fokus op vroulike belewenisse. Deur die loop van die negentigerjare verskyn daar drie belangrike bloemlesings, naamlik *Vrou: mens* (1992) saamgestel deur Corlia Fourie, *Vrouevertellers (1843-1993)* (1994) saamgestel deur Annemarie van Niekerk en *Dogters van Afrika* (1997) saamgestel deur Riana Scheepers. Hierdie drie bundels poog om die wydlopige aard van die vrouestem in die Afrikaanse kortverhaalkuns in al haar gedaantes tot uiting te bring, maar daar is 'n totale afwesigheid van die swart Afrikaanse vrouestem.

Van Niekerk (1994: 1) is die enigste samesteller wat eerlik hierdie leemte aantoon as sy in haar voorwoord tot *Vrouevertellers (1843-1993)* beweer:

> 'n Prominente stilte in hierdie bundel is die afwesigheid van swart en bruin vroue, van wie daar geen kortverhaalbundels in Afrikaans gepubliseer is nie, ten spyte daarvan dat 'n groot persentasie bruin mense Afrikaans as moedertaal gebruik. Dit in sigself is kommentaar op die Afrikaner se kulturele dominansie, waardeur die Afrikaanse kultuur ook geïsoleer is van ryk skakerings van inheemse literêre vorme soos die mondelinge vertelling, waarby veral swart vroue intensief betrokke is.

Hierdie historiese gegewe maak 'n nuwe bloemlesing van vroueskrywers tans 'n noodsaaklikheid ten einde die werk van swart Afrikaanse vroueskrywers te ondervang. Huidige en toekomstige kanoniseerders moet bedag wees om 'n meer ewewigtige balans in die bestaande kanon te verseker.

Dit is verblydend dat onlangse toevoegings van swart Afrikaanse vroueskrywers tot die Afrikaanse literêre kanon wel gemaak is. Voorbeelde hiervan is die insluiting van 'n profiel oor E K M Dido in die derde deel van *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis* (2005) en *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004* (2005) en die opname van verhale van Diana Ferrus en E K M Dido in die nuutste uitgawe van *Die Afrikaanse kortverhaalboek* (2005), saamgestel deur Abraham H de Vries.

Sonder 'n mate van gekanoniseerde status sal die swart Afrikaanse vroueskrywer vinnig tot uitsterwe kom, aangesien kanonisering

verband hou met die skep en instandhouding van 'n bepaalde literêre tradisie. Sonder 'n gekanoniseerde tradisie het toekomstige swart Afrikaanse vroueskrywers geen vaste verwysingspunte nie.

Naas die gebrek aan rolmodelle, tradisie en gekanoniseerde status is daar ander faktore wat 'n rol speel in die gebrek aan publikasies deur swart Afrikaanse vroueskrywers. In Suid-Afrika is daar 'n gebrek aan 'n gevestigde leeskultuur, wat 'n direkte invloed het op die produksie en verspreiding van boeke. Die gebrek aan 'n florerende leeskultuur in Suid-Afrika maak dit vir swart Afrikaanse vroueskrywers nog moeiliker om hul werk aan groter lesersgehore bekend te stel. In veral swart gemeenskappe bestaan 'n sterk orale verteltradisie, wat veroorsaak het dat 'n behoefte aan publikasieforums en 'n leeskultuur nie na behore ontwikkel het nie. Dit beteken egter nie dat daar geen noemenswaardige kulturele uitinge binne inheemse kulture bestaan nie, maar dat publikasie nie as 'n vanselfsprekende kanaal van kreatiewe uitinge beskou is nie.

Verder het maatskaplike omstandighede 'n beduidende invloed op swart Afrikaanse vroueskrywers, wat dikwels nie oor dieselfde mate van ekonomiese mag beskik as hul wit eweknieë nie. In vergelyking met wit Afrikaanse vroueskrywers het 'n beduidende aantal swart Afrikaanse vroueskrywers nie redelike toegang tot inligtingstegnologie, inligtingsdienste, basiese opleiding of tersiêre onderwys gehad nie. Hierdie historiese agterstande maak dit tans vir swart Afrikaanse vroueskrywers nog moeiliker om hulself sterker binne die literêre sisteem te posisioneer.

6. Ten slotte

Die afgelope twaalf jaar is daar wel vordering gemaak rakende publikasies van swart Afrikaanse vroueskrywers, ofskoon die literêre produksie uit hierdie groep nog ver te kort skiet. Die swart Afrikaanse vroue-skrywer beklee tans 'n gunstiger posisie binne die Afrikaanse literêre sisteem as voorheen, maar die stel van multidimensionele perspektiewe bly 'n uitdaging. 'n Navolgbare publikasietradisie is wel geskep, wat gekoester en uitgebrei moet word. Die gevolge van die swart Afrikaanse vroueskrywer se jarelange miskenning het

tans onteenseglik verdere uitdagings voor die deur van die swart Afrikaanse vroueskrywer gelê. Die belangrikste uitdagings is onder meer die skep en instandhouding van literêre rolmodelle, die uitbreiding van 'n jong publikasietradisie, die verstewiging van haar posisie binne die literêre kanon, die verwerwing van kennis en ervaring van die literêre en uitgeesisteem, die beswering van publikasievrees en gevoelens van moedeloosheid en 'n negering van etikette wat alleenlik deur werk van hoogstaande gehalte verwesenlik sal word.

Dit was nie moontlik om agterstande binne die kwessie van twaalf jaar uit te wis nie, maar die tyd is nou ryp vir die swart Afrikaanse vroueskrywer om haar meerduidige stem te laat opklink. Dit kan alleenlik gedoen word deur uitgebreide skrywersopleiding, redaksionele begeleiding, die skep van meer publikasiegeleenthede, staatsinsentiewe en 'n respek vir die polifoniese klank van Afrikaans. Dan sal daar genoeg ruimte wees vir die stem van die sosiale hervormer, maar ook plek vir die hoer en heks, die engel en nagtegaal.

Bibliografie

ADAMS
1977. Paneelbespreking. Swart Afrikaanse Skrywers: net 'n kwessie van terminologie? Willemse *et al* (reds) 1997: 32-76.

AFRIKAANSE SKRYWERSVERENIGING
2002. *Mense is mense*. Pretoria: Lapa.

2002. *Metafore van herlewing*. Pretoria: Lapa.

BENJAMIN K
1996. *Staan uit die water uit!* Kaapstad: Kwela.

1999. *Pastoor Scholls trek sy toga uit*. Kaapstad: Kwela.

BENJAMIN S P
1999. *Die lewe is 'n halwe roman*. Kaapstad: Queillerie.

BRINK A P
2002. *Groot Verseboek 2000*. Kaapstad: Tafelberg.

COCHRANE N
2001. Literêre minderhede binne die Afrikaanse uitgewersbedryf na 1994: Homeros en Kwela Uitgewers as gevallestudies. *Tydskrif vir Letterkunde* 39(3-4): 67-77.

2004. *Die selfoon en ander verhale*. Pretoria: Aktuapers Uitgewers.

DA COSTA D
1992. Écriture feminine. Van Peer & Dijkstra (reds) 1992: 40-8.

DANIELS R & G JULIES (samestellers)
2000. *Douspoor: 'n verhaalbundel*. Kaapstad: Tafelberg.

DE VILLIERS H
2003. 'n Stringetjie blou krale (E K M Dido): kulturele identiteit en hibriditeit in 'n postapartheidskonteks. *Stilet* 15(1): 167-79.

DE VRIES A H (samesteller)
2002. *Uit die kontreie vandaan*. Kaapstad: Human & Rousseau.

2005. *Die Afrikaanse kortverhaalboek*. Kaapstad: Human & Rousseau.

DIDO E K M
1996. *Die storie van Monica Peeters*. Kaapstad: Kwela.

1997. *Rugdraai en stilbly*. Kaapstad: Kwela.

2000. *'n Stringetjie blou krale*. Kaapstad: Kwela.

2003. *Die onsigbares*. Kaapstad: Kwela.

2007. *'n Ander ek*. Roggebaai: Umuzi.

FERRUS D
2006. *Ons kom vandaan*. Kaapstad: Diana Ferrus Uitgewers.

FERRUS D & S MCKERRON (samestellers)
2006. *Slaan vir my 'n masker, vader*. Kaapstad: Diana Ferrus Uitgewers.

FOSTER R & L VILJOEN (samestellers)
1997. *Poskaarte: beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960*. Kaapstad: Tafelberg.

FRANSMAN W & E P NEL (samestellers)
2003. *Palawer van die woord*. Kaapstad: !Xthorro Publikasies.

GORAK J (ed)
2001. *Canon vs culture*. New York: Garland.

GUNEW S
1994. *Framing marginality: multicultural literary studies*. Melbourne: Melbourne University Press.

GYGENAAR F
1992. *My liewe klein Jo*. Pretoria: Benedic.

1996. *Die lafitte-manier*. Pretoria: Benedic.

1998. Lesersbrief. *Die Burger* 19 Junie: 2.

JANMOHAMED R & D LLOYD
1990. *The nature and context of minority discourse*. New York: Oxford University Press.

JOOSTE G A
1996. *Taxi staanplek-stories*. Pretoria: Van Schaik.

KANNEMEYER J C
2005. *Die Afrikaanse literatuur 1652-2005*. Kaapstad: Human & Rousseau.

KOMRIJ G
1999. *Die Afrikaanse poësie in 'n duisend en enkele gedigte*. Amsterdam: Bert Bakker.

KRIGER R & E KRIGER (eds)
1992. *Afrikaans literature: recollection, redefinition, restitution. Papers held at the seventh Conference on South African Literature at the Protestant Academy, Bad Boll*. Amsterdam: Rodopi.

MUNNS J
2001. Canon fodder: women's studies and the (British) literary canon. Gorak (ed) 2001: 17-29.

NEL E P
1999. *Iets goeds uit Verneukpan*. Kaapstad: Kwela.

2001. *Mafoiing*. Kaapstad: Kwela.

OTTO-SALLIES Z
1997. *Diekie vannie Bo-Kaap*. Kaapstad: Tafelberg.

PETERSEN P
1992. Publication and power: views of the marginalised. Kriger & Kriger (eds) 1992: 167-71.

PRODUKSIEDATABASIS VAN AFRIKAANSE FIKSIE (PDAF)
2005. Databasis van die produksie van Afrikaanse fiksiepublikasies gedurende die periode 1990-2003. Ontwikkel deur Rudi M R Venter. Pretoria: Program in Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.

Renders L
2001. The voice of the coloured writer in contemporary Afrikaans literature. *Literator* 13(2): 92-102.

Rode L & J Gerwel (samestellers)
1995. *Keerpunt: nuwe verhale vir 'n nuwe Suid-Afrika*. Kaapstad: Kwela.

2001. *Stroomversnelling: nuwe Suid-Afrikaanse stories*. Kaapstad: Kwela.

Scheepers R (samesteller)
1997. *Dogters van Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.

Scheepers R & N Thabo (samestellers)
2006. *Die melkweg het 'n ster laat val*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Van Biljon M (samesteller)
1999. *Veertig is g'n vloekwoord*. Kaapstad: Queillerie.

Van Coller H P (red)
1998. *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis, 2*. Pretoria: Van Schaik.

2005. *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis, 3*. Pretoria: Van Schaik.

Van der Walt T
2005. Afrikaanse kinder- en jeugprosa. Wybenga & Snyman (reds) 2005: 14-32.

Van Niekerk A
1998. Die Afrikaanse vroueskrywer — van egotekste tot postmodernisme (18e eeu-1996). Van Coller (red) 1998: 305-443.

Van Niekerk A (samesteller)
1994. *Vrouevertellers 1843-1993*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Peer W & K Dijkstra (reds)
1992. *Sleutelwoorden : kernbegrippen uit de hedendaagse literatuurwetenschap*. Leuven: Garant.

Van Wyk S
1996. Tussen Cham en Mozes, zwarte Afrikaanse literatuur. *Woordwerk christelijk literair tijdschrift* 55(14): 29-37.

2005. Joel Claassen gesels met die hooforganiseerder, Steward van Wyk. *Litnet* <http://www.oulitnet.co.za/mond/derde_sass.asp>

Venter M R
2005. Die posisie van swart Afrikaanse skrywers binne die uitgeesisteem van Afrikaanse fiksie — 'n empiriese kartering met toespitsing op die produksieprofiel, outeursprofiel en uitgeweryprofiel gedurende die periode 1990-2005. Ongepubl referaat gelewer tydens die Derde Swart Afrikaanse Skrywersimposium, 20-22 Oktober, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville.

2006. Die materiële produksie van Afrikaanse fiksie (1990-2005): 'n empiriese ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel binne die uitgeesisteem. Ongepubl PhD-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

VERMAAK J B (samesteller)
2000. *Storiepalet*. Pretoria: Van Schaik.

VILJOEN L
2002. Nuwe stemme in die Afrikaanse letterkunde. *Die Burger*-lesingreeks, KKNK, April 2002. *Litnet* <http://www.litnet.co.za/seminaar/viljoen.asp>

WILLEMSE C
2007. *Met 'n diepe verlange*. Kaapstad: Human & Rousseau.

WILLEMSE H
2007. *Aan die ander kant*. Pretoria: Protea Boekhuis.

WILLEMSE H (samesteller)
1999. *Die stukke wat ons sny*. Kaapstad: Kwela.

WILLEMSE H, M HATTINGH, S VAN WYK & P CONRADIE (reds)
1997. *Die reis na Paternoster: 'n verslag van die tweede Afrikaanse skrywersimposium gehou op Paternoster, 29 September-1 Oktober 1995*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

WYBENGA G & M SNYMAN (reds)
2005. *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom: 'n gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek*. Pretoria: Lapa.